

De Klerk pleit vir ekonomie-kodesa

Liesl Louw

Media24-Afrika-kantoor

Suid-Afrika het 'n nuwe Kodesa nodig – dié keer vir die land se ekonomiese en sosiale ontwikkeling, sê oudpres. F.W. de Klerk (foto).

“Ons moet almal in die land betrokke kry en ophou stry oor die verlede. Ons probleme is te groot en te ernstig dat dit in die party-politieke arena rondgegooi word,” het De Klerk gister op die Eskom-Afrika-Sakeleiersforum in Sandton gesê.

De Klerk was een van die hoofsprekers op die konferensie, wat bygewoon is deur sake- en regeeringsleiers van 19 lande.

De Klerk meen Suid-Afrika het die afgelope tien jaar ver gevorder om dienste aan armes te lewer en 'n dinamiese middestand te skep. Tog lê daar nog baie uitdagings voor voordat

Suid-Afrika “werklik 'n Eerstewêreld-land kan word”.

Vier kritieke kwessies moet aandag kry – die verligting van armoede, swart ekonomiese bemagtiging, suksesvolle integrasie in die wêreld ekonomie en die behoud van nasionale eenheid.

“Die hooforsaak van armoede is werkloosheid en té groot gesinne onder die armes. Werkloosheid word veroorsaak deur verskeie faktore, insluitend die gebrek aan beleggings, maar ook ons arbeidswetgewing. Die koste van arbeid is te hoog en wetgewing heeltemal te rigied,” het De Klerk gesê.

Hy meen almal het 'n belang



by swart ekonomiese bemagtiging, hoewel die klem nie op ras geplaas moet word nie. “Dit gaan oor bemagtiging van die minderbevoorregtes.”

De Klerk waarsku ook dat grondhervorming “baie versigtig” gehanteer moet word en met intensiewe opleiding en mentorship moet gepaardgaan.

Laastens het hy gesê daar is gevaartekens dat die land se rasse-harmonie en versoening skipbreuk kan ly.

“Ek is diep bekommerd oor die groeiende vervreemding tussen gemeenskappe.”

Oudpres. Ketumile Masire van Botswana het Nepad en die Afrika-Unie (AU) se pogings om die demokrasie en voorspoed in Afrika te bereik, geloof.

Hy het gesê 'n groep oud-presidente van Afrika het besluit om 'n Afrika-leierskapsraad te stig wat saam met die AU gaan werk om goeie leierskap te kweek.